# BOEKBESPREKING

J. R. Macduff, D. D.: **Elijab, the Prophet of Fire.** Baker Book House, Grand Rapids, Michigan, 1955.

In hierdie boek van ruim 300 bladsye behandel die skrywer die persoon en karakter, die lewe en werk van die profeet Elia. Hy doen dit mooi en ..... breed, erg breed. Soms is hy beslis wydlopig. Waar is die mense wat in die teenwoordige tyd dit sal lees? As predikante van hierdie boek gebruik maak—en hulle sal dit met wins kan doen—dan moet hulle dit nie nog langer gaan maak nie, maar korter, baie korter.

Die boek eindig nie met Elia se hemelvaart nie, maar behandel ook die verskyning van Elia op die berg van Verheerliking. Dit gee die skrywer geleentheid om ook oor Christus te handel, iets wat anders wel wat in hierdie boek ontbreek.

Die vernaamste betekenis van hierdie boek is dat dit stigtelik is.

J. H. KROEZE

* * *

Dr. J. A. S. Oberholster: **Die Gereformeerde Kerke onder die kruis.** H.A.U.M. Kaapstad, Pretoria, 1956. 328 bladsye. Prys. 30/- .

Hierdie werk het aanvanklik gedien as akademiese proefskrif vir die graad Ph.D. aan die Universiteit van Kaapstad. Dr. Oberholster is argivaris van die N.G. Kerk in Kaapstad en het dus jare lank tussen die oorspronklike bronne gelewe, waarvan sy werk ook getuienis gee. Dit is naamlik besonder goed gedokumenteer en al is dit net hierom sal die boek altyd 'n waardevolle besitting wees. Maar nie net die dokumentering is waardevol nie. Dr. Oberholster is werklik 'n deeglike

historikus. Hy weeg sy gegewens baie sorgvuldig af en probeer so objektief moontlik bly.

Die werk onder bespreking handel oor 'n besonder spanningsvolle tyd in ons volksgeskiedenis, naamlik die tweede helfte van die negentiende eeu. Meer in besonder word die stryd in die boesem van die N.G. Kerk geskets wat uitgeloop het op die ontstaan van die „kerke onder die kruis", onder leiding van ds. S. J. du Toit.

Die skrywer behandel eers die besware wat teen die N.G. Kerk ingebring is, soos: die belydenisskrifte is op die agtergrond gestel; die Gereformeerde Kerkregering is ondermyn; die Gereformeerde erediens is bedreig; die Gereformeerde geloofslewe is benadeel. Daarna word die werklike uittrede beskryf.

Iemand wat belangstel in die Gereformeerde waarheid sal hierdie boek met klimmende belangstelling ter hand neem. Op verskillende plekke sou die skrywer van hierdie beoordeling sake anders gesien het, maar daar moet in aanmerkihg geneem word dat dr. Oberholster skryf as lidmaat van sy Kerk. Dit is ook heel begryplik dat hy sy Kerk sal verdedig waar dit enigsins moontlik is. Ons hoop dat hierdie waardevolle werk 'n ruim afset sal hê. Dit is so geskryf dat die eenvoudigste leser dit kan volg.

S.d.T.

* * *

Dr. B. J. van der Merwe: **Pentateuch-tradities in die prediking van deutero-Jesaja.** J. B. Wolters, Groningen-Djakarta, 1956. 280 bll., prys f12,50.

Dr van der Merwe het aanleiding tot hierdie studie gevind in die feit dat in Jes. 40-55 telkens teruggegryp word na „tradisies wat uit die Pentateuch bekend is". Dit is 'n baie deeglike stuk werk en sal altyd waardevol bly, ook omdat dit die eerste keer is dat so 'n studie onderneem is. Aangesien die onderwerp baie wyd is het die skrywer hom beperk tot: skeppingstradisies; paradystradisie; sondvloedtradisie; aartsvadertradisie; Mosaiese tradisie.

Sy konklusie is dat „Deutero-Jesja" nergens 'n direkte aanhaling maak uit die Pentateug soos ons dit ken nie. Tog wyk die motiewe van die tradisies wat hy gebruik nie af van die tradisie in die Pentateuch nie, behalwe miskien in een geval. „Deutero-Jesaja" gee dus 'n selfstandige weergawe van die tradisie. Dit hoef nie juis te volg uit die feit dat die Pentateug eers na die tyd van hierdie profeet sy huidige gedaante gekry het nie. Die hoofoorsake van die selfstandigheid van „deutero-Jesaja" is: 1. dat hy in die skeppingstradisie eerder by die tradisie in die himnes as by Gen. 1-3 aansluit. 2. Die feit dat hy nie 'n weergawe van die tradisie wil gee nie maar dit as element in sy prediking gebruik. Tot sover dr. Van der Merwe.

Ons is oortuig dat hierdie studie van meer waarde sou gewees het as die skrywer hom nie so kritiekloos by die kritiese rigtinge aangesluit het nie. In sy bibliografie mis ons die boek van Rowley—*The Old Testament and modern study*, waaruit tog duidelik blyk dat daar 'n kentering gekom het, ook ten opsigte van die Pentateuchkritiek. In die bibliografie kon ons geen enkele werk van 'n Gereformeerde teoloog raakloop nie. Sou die werke van manne soos Aalders, Ridderbos, Van Gelderen, Gispen ens. dan van geen betekenis wees nie? In hierdie opsig is die Geref. teoloog ruimer dat hy ten minste notisie neem van wat deur ander rigtinge geleer word. Ons noem hierdie feit omdat dit ernstig afbreuk doen aan 'n andersins hoogstaande wetenskaplike werk.

S.d.T.